# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Trane sal nie help nie

**Skriflesing:**
Gen 25:19-34; 27:27-41
Heb 11:20; 12:14-17
(2020)

**Teksvers**:
Hebreërs 12:14-17

**Sing**:
Ps 48:4,5
Ps 86:1,3
Ps 128:4
Ps 33:6,10,11
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

DL 1 par 15 beskryf dit so: Verder toon die heilige Skrif hierdie ewige en onverdiende genade van ons uitverkiesing baie duidelik aan en verkondig dit nadruklik aan ons. Dit getuig bowendien dat nie alle mense uitverkies is nie, maar dat sommige nie uitverkies is nie of in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan is. God het besluit om hulle, na sy volkome vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehae, in die gemeenskaplike ellende te laat bly. Daarin het hulle hulleself deur hulle eie skuld gestort. God het immers besluit om nie aan hulle die saligmakend~ geloof én die genade van die bekering te gee nie. Om sy geregtigheid te openbaar, het God besluit om hierdie mense aan hulleself oor te laat, hulle onder sy regverdige oordeel te laat bly en om hulle nie alleen oor hulle ongeloof nie, maar ook oor al hulle ander sondes te veroordeel en ewig te straf. Dit is die besluit van die verwerping, wat God hoegenaamd nie tot bewerker van die sonde maak nie, want dit sou 'n godslasterlike gedagte wees. Inteendeel, dit sê juis dat God 'n gedugte, onberispelike en regverdige Regter is wat die sonde straf.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Heilsorde(3): Die wedergeboorte

**Skriflesing:**
Johannes 3:1-10
Rom 3:10-12
Joh 7:45-52
Joh 19:38-42 (Nikodemus)
(1983)

**Teksvers**:
Johannes 3:3

**Sing**:
Ps 31:5,15,17
Ps 119:1,2
Ps 65:2
Ps 103:1,2,9
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Miskien moet u weer dink oor die teks en dan eerlik vra of dit 'n opdrag (imperatief), maw dat dit iets is wat jy moet doen...

of

...is dit net 'n absolute waarheid waardeur jy moet kennis neem dat jy eintlik BAIE diep verlore is/was as daar geen die bo-natuurlike ingrype van God in jou lewe sou wees nie!!

Jesus onderstreep in hierdie antwoord aan Nikodemus ons ONMAG as sondaars en daarteenoor Sy ALMAGTIGE vermoë om sondaars uit hul ellende te red.

(Kyk elders in ons nuusbrief vir meer inligting oor die Heilsorde)




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 49 Nr 23 28 Julie 2024**


## Die Weg van Verlossing

Die Prediker is bekend daarvoor dat hy alles op die aarde op die proef gestel het, en bevind het dat alles 'n gejaag is na wind. Tog is daar sekere dinge wat die Prediker erken wat 'n misterie bly en kom sy oproep: "*Soos jy nie weet wat die weg van die wind is, of hoe die gebeente in die skoot van 'n swangere is nie, net so weet jy nie die werk van God wat alles doen nie*." Prediker 11:5

Net so beskryf die Dordtse Leerreëls dat ons nie met nuuskierigheid moet probeer uitvind oor wat die dinge is wat God in sy almag beskik nie. Daar is sekere dinge in die lewe wat God se geheimenis bly. Dit leer die Skrif ons. Maar die Skrif maak ook duidelik aan ons ander dinge bekend wat ons mag en moet weet.

Dit is in hierdie verband wat ons ondersoek instel na die weg van ons verlossing. Of die Heilsorde. Ons lees gereeld in die 10 gebooie hoe die Here sy volk gered het uit Egipte en hulle gelei het na die beloofde land. Die wyse waarop God sy volk red, word ook aan ons beskryf bv. deur die 10 plae.

So kan ons ook die werk van God in ons eie lewe ken. Sommige van ons was in die Egipte van die sonde waaruit God ons gered het. Ander weer is kinders van die belofte wat oppad in die woestyn gebore is. Ander weer het die voorreg om nog altyd die beloofde land te ken.

Die wonder van God se verlossing, is nie vir een van sy kinders minder merkwaardig maak nie. Hy red elkeen op presies dieselfde wyse nl, deur Jesus Christus sy geliefde Seun. Die verskil kom egter, waar op ons lewenspad ons bewus raak hiervan. Vir daardie man aan die kruis, was dit op sy sterfbed. Vir 'n ander is dit 'n ernstige siekbed of 'n groot skrik in die lewe.

Vir baie van ons was dit nog altyd deel van ons lewe. Miskien kan jy ook nie onthou wanneer jy "*gered*" is, jou dag en datum nie, omdat jy nog altyd in die Vaderhande behoue was.

Kom reis saam met ons deur die weg van verlossing tydens die aanddiens, en ontdek weer hoe heerlik jou redding is.

Lourens (vdm)

## ALGEMENE INLIGTING

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614** Basdenlaan 226
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00* Lyttelton
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

*Die nuwe lewe in Christus!*

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 16, Ps 91:1 Volgende week: Les 17, Ps 105:5

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná die Skriflesing na die kleuterklas kamer 8.
Vandag: Jesus is gebore, Ps 18 Volgende week: Die herders, Ps 18

| KOLLEKTES | | Instandhoudingsfonds |
|---|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Kerkkas** (by die deure) | |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Kerkkas** | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



## Jag-vir-jou-Kerk



Die jagseisoen is oop!!
Ondersteun die Projekspan en skenk 'n bok vir die Kerk, ons vrieskas is leeg. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).
Skakel met Kobus Joubert – 0798738219
Fondse ten bate van die Instandhoudingsfonds.



## Manne in Christus

17 Aug

**06:00—08:00**

by GK Centurion

Ons as broers kom bymekaar om mekaar te bemoedig en saam te bid om manne vir Christus te wees.

**Alle broers welkom!**

GKC RUIL VERKOOP
Gereformeerde Kerk Centurion Projektefonds

*Kom soek, ruil, verkoop, adverteer enigiets. Skenk 15%+ van jou suksesvolle verkope aan die kerk.*
*Vra vir ds. Maarten om jou op die groep te plaas* ***of*** *sluit aan deur skakel te volg:*
https://chat.whatsapp.com/G574OYsYKT1C6i1scsMloF

## Jan die Koperkan



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan.

Kom skenk gerus al u koper/silwer geld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

Weens die toenemende kriminele aktiwiteite waar kerke soms geteiken word, vra ons lidmate om asb diskreet te wees met kontant en kosbare persoonlike besittings wanneer u eredienste bywoon.

## Bybelskool van Centurion 2024

bied aan

# Esegiël: *Die boek en profeet*

Is God teenwoordig of afwesig? Vreemde visioene, vreemde gebeure en vreemde verkondiging

**Begindatum: 20 Augustus 2024**

Almal welkom

**Plek**: Geref Kerk Centurion
Basdenlaan 226, Lyttelton
**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30
**Koste**: R100 per persoon
**Aanbieder**: Prof Herrie van Rooy
**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (Kantoor)/Hein Kaiser 082 772 7718

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerk-gebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R510 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Sept 2024. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235
Aansoeke sluit **29 Julie 2024**



# Verjaarsdae
## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 28-Jul | Gerrie | Smit | C03 | 27826409228 |
| | Sarie | vd Merwe | C02 | 27725004770 |
| | Renske | Verburgh | C08 | 27784345760 |
| 29-Jul | Leonie | Fouché | A13 | 27835715047 |
| | Lucia | Stronkhorst | C05 | 27826375362 |
| | Dina | vd Berg | B11 | 27833051305 |
| | Chantel | Venter | C10 | 27723803963 |
| | Chantel | Visser | C05 | 27824578696 |
| 30-Jul | Neels | Engelbrecht | A14 | 27837613757 |
| | Mariaan | Prinsloo | B04 | 27836315798 |
| | Ina | Wiegand | A11 | 27828874046 |
| 31-Jul | Jurgens | vd Merwe | A11 | 27615177699 |
| 1-Aug | George | Erasmus | C06 | 27824941299 |
| 2-Aug | Rulise | Badenhorst | A02 | 27823592603 |
| | Sonet | de Souza | A08 | 27835611221 |
| | Paul | vd Berg | A04 | 27842632055 |
| 3-Aug | Thinus | du Plessis | B18 | 27616837189 |
| | Chené | vd Walt | A05 | 27795174273 |
| | Elzaan | vd Westhuizen | C15 | 27762535262 |

## *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 28-Jul | Lohan | Dekker | B18 | 27824151034 |
| 29-Jul | Lianka | Hoffmann | A02 | 27832001907 |
| 31-Jul | Leandri | Styger | B01 | 27832260285 |
| 01-Aug | Chloé | Botma | B03 | 27728993144 |
| 02-Aug | Lihann | Jv Rensburg | C15 | 27824920545 |
| 03-Aug | Tinerie | Krynauw | B13 | 27636910019 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Thea Smit sterk tuis aan na 'n operasie (A14—082 501 1445).
- Klein Mikayla Gentle het 'n draai in die hospitaal gemaak (B1—.082 464 6893).
- Cas Swanepoel sterk aan na 'n operasie (A18—071 331 7862).
- Henda Vreugde gaan volgende week 'n heup/been operasie ondergaan (B7—082 465 8070).
- Elna Marx het 'n oogoperasie ondergaan (B12—833208781).
- Rika Pretorius ondergaan komende week 'n oogoperasie (B18—082 559 7705).
- Elna de Bruin ondergaan more 'n knie operasie (A2—083 664 2050).
- ***Meelewing*** word betuig met ds Lourens Venter, Sanmari en familie na die afsterwe van Sanmari se tante.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Geluk*

Jan en Nikita met die doop van Lander van der Walt vanoggend.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Passage: Gen 25:19-34; 27:27-41;
Heb 11:20; 12:14-17
Rev Lourens Venter

# GTA – STAP

Mt Komati rivier-avontuur

**27 – 29 September**

Kontak ds Lourens 082 5292 330 indien jy wil saamgaan!




**Genesis**

**Fondasie van die Evangelie**

deur Pieter lê Roux

**Sondag 28 Julie 2024**

om **16:30**

te GK Centurion

## Wyse Gryses

Maandag **5 Augustus** 2024

om **10:00**

te GK Centurion

Estelle vd Waals gaan ons trakteer op 'n musikale potpourri en ons melodieë en liedere laat herken uit vervloë dae.

Kom geniet 'n luisterryke oggend!

Almal hartlik welkom.



**Klein advertensies:**

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

***Merk asb u skenkings duidelik bv. Koningskinders, Eljada.... Dankie.***



Ons Susters wil graag ma's met **pasgebore babatjies** liefdevol ondersteun. Ons wil daarom vra dat as jy deel van dié span wil wees, jy jou naam asb vir Phia (0825416388) of Sanmari (0714855995) gee. Jy sal dan gekontak word as daar 'n nuwe lidmaatjie in ons kerk gebore word. Die Susters gee 'n geskenkie en jy gaan gee dit en kuier en ondersteun die betrokke mamma. Ons hoor graag van jou!

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**28 Jul**

| | |
|---|---|
| Magda Pelser | A5 |
| Louise v Niekerk | B4 |
| Christi Venter | C10 |




**04 Aug**

| | |
|---|---|
| Bieuwkje Pretorius | A12 |
| Wilmarie Rheeders | B8 |
| Hannie vd Berg | C7 |



# DIE HEILSORDE:




Notas: UV (afkorting) - Uitverkiesing | 📖 - God het ons name in 'n boek geskryf | 1ste ● - Die Begin / Skepping.

EF 1:4 - So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.

EL (afkorting) - Ewige Lewe | 2de ● - Die Ewige Lewe / Hemel | ✝ - Regverdigmaking / CHR (afkorting) - Christus.

1 Kor 15: 10 - Maar deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was nie tevergeefs nie; inteendeel, ek het harder gewerk as hulle almal; eintlik was dit nie ek nie, maar die genade van God wat by my is.



## Heilsorde

Dit gaan dus oor die wyse waarop God met die gelowige te werk gaan met die doel om hom eenmaal as Sy kind in die Vaderhuis te verwelkom.

Dit gaan oor die reeks genadeweldade deur Christus verdien, wat God deur Sy Gees aan Sy kinders wil skenk om hulle sodoende in Sy ewige Koninkryk in te lei.

En hoewel die Here se weg nie met een van sy kinders presies dieselfde is nie, kan ons tog daarin 'n vaste patroon onderskei en sien ons dat die Here hom telkens van dieselfde dinge bedien om Sy doel te bereik.

Volgens die Bybel sluit die werk van die Heilige Gees, as Hy die heilsweldade aan ons uitdeel tot ons saligheid, die volgende in:

* Die roeping deur die Woord en die Gees van God.
* Die wedergeboorte wat die Heilige Gees aan my skenk.
* Die geloof wat Hy in my hart werk.
* Die drang tot bekering wat Hy in my laat posvat.
* Die regverdigmaking waardeur God my vryspreek.
* Die weg van heiligmaking waarop die Gees van God my lei.
* Die krag wat Hy my skenk om in die geloof te kan volhard.
* En uiteindelik: die heerlikmaking wat die voltooiing is van die genadewerk van God vir die uitverkorenes.

Dit is die werkwyse van God deur sy Gees met elke gelowige. En elkeen van hierdie genadegawes is onontbeerlik vir die saligheid:

* Wie positief reageer op God se roeping, sal salig word.
* Wedergeboorte is nodig om die Koninkryk van God binne te gaan.
* Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag.
* Bekering is die vrug van jou geloof.
* Sonder heiligmaking sal niemand God sien nie.

Só doen God Sy genadewerk ten behoewe van sy kinders. Só skenk Hy aan ons alles wat nodig is om eenmaal deelgenote te wees aan Sy heerlikheid—uit louter genade!

*Let daarop*: God se werk in die heilsorde is genadewerk—gawes wat ons uit Sy hand ontvang.

Hy lei ons deur Sy Gees op die weg tot saligheid, en Hy gee ons uiteindelik deel daaraan!

Uit onsself sou ons dit in der ewigheid nooit kon behaal nie.

Bid daarom saam met die Psalmdigter: "*Heer, doen ook so aan my!*"

*Ds Pieter vd Walt (verwerk uit Quovadus)*